



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

Vanaf 25 September tot en met 3 Oktober
bid ons die *noveen* saam met die hele Kerk

DIE GEBED VAN ST. FRANCISKUS

WORD ELKE DAG VAN DIE NOVEEN GEBID

Here, maak my 'n instrument van u vrede;
Laat my liefde bring waar haat heers;
laat my vergewe wie my beledig;
laat my geloof bring aan wie twyfel;
laat my hoop bring aan wie wanhopig is;
laat my lig bring aan wie in duisternis is;
laat my vreugde bring aan wie bedroef is.

O Goddelike Meester,
laat my nie seek om getroos te word nie,
maar om ander te troos,
Nie om begryp te word nie, maar om ander te begryp;
nie om bemin te word nie, maar om ander lief te hê.
Want dit is deur te gee, dat ons ontvang;
deur te vergewe, dat ons vergifnis ervaar
en deur te sterwe dat ons in die Ewige Lewe gebore word.

Vir die intensies van ons heilige vader, pous Franciskus:
Onse Vader ... Wees gegroet, Maria ... Eer aan die Vader ...

Sint Franciskus van Assisi,
Beskermheilige van die of Ekologie, bid vir ons.



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 1

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN DIE SON

"Wees geloof, my ewige God, vir al u skepsels, veral vir Broeder Son, hy wat die dag is en deur wie U ons verlig, mooi en stralend, groots in heerlijkheid is hy, en van U, Allerhoogste, is hy 'n lewende teken." (St. Franciskus van Assisi)

LAUDATO SI' # 1

"In die woorde van hierdie pragtige loflied, herinner die heilige Franciskus van Assisi ons daaraan dat ons almal se tuiste soos 'n suster is met wie ons ons lewe deel, en soos 'n goeie moeder wat ons met ope arms ontvang. 'Wees geloof, my ewige God, vir ons Suster en Moeder, die Aarde, wat ons voed en onderhou en vrugte voortbring en plante en veelkleurige blomme'".

LAAT ONS BID

Skepper, God, wat ons met u glans voed.

Vergewe ons vir die skade wat ons u aarde aangedoen het, die hitte en droogte wat deur die klimaatverandering veroorsaak word. Laat ons, deur die voorbeeld van Sint Franciskus, ook leer om u gewyde wêreld lief te kry, en U sonder ophou te prys vir u skitterende skepping. Amen.

Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 2

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN DIE MAAN EN DIE STERRE

"Wees geloof, my ewige God, deur ons Susters die Maan en Sterre,
aan die hemel het U hulle geplaas, skitterend, kosbaar en mooi."

LAUDATO SI' # 10

"Sint Franciskus is volgens my die beste voorbeeld van iemand wat omgee vir die beskerming van die swakkes en vir 'n integrale ekologie, en hoe om dit op 'n vreugdevolle en outentieke manier te beleef. Hy is die beskermheilige van almal wat ekologie bestudeer en daarmee werk en hy is ook geliefd by baie nie-Christene. Hy was veral besorg oor God se skepping en oor die armes en hulle wat verstote is".

"Hy was liefdevol en was geliefd vir sy vreugde, sy vrygewigheid, sy allesomvattende hart. Hy was 'n mistikus en pelgrim wat eenvoudig geleef het in 'n wonderlike harmonie met God, met ander mense, met die natuur en met homself. In hom is dit duidelik hoe die sorg vir die natuur, onlosmaaklik saamgaan met regverdigheid teenoor die armes, sosiale betrokkenheid en innerlike vrede".

LAAT ONS BID

Skepper, God, u naghemel bied ons rus en stilte aan, en tog oorstroom ons ons stede met kunsmatige lig. Vergewe ons vir al ons vermorsing. Laat ons, soos broeder Frans, wat armoede en nie oorfloed gekies het nie, liggies oor die aarde loop. Laat ons sy pad volg en die voetspoor wat ons agterlaat verminder. Amen. *Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.*



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 3

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN DIE WIND EN DIE LUG

“Wees geloof, my ewige God,
vir Broeder Wind,
vir die lug en wolke,
kalm weer en storm,
want deur hulle word u
ganse skepping onderhou.”

LAUDATO SI' # 11

“Franciskus help ons sien dat ‘n integrale ekologie openheid verg vir dit wat die taal van die wiskunde en biologie te bowe gaan en ons rig op dit wat tot die hart van menswees gaan. Net soos wat gebeur wanneer ‘n mens verlief raak, begin hy telkens te sing wanneer hy na die son of die maan kyk, en so betrek hy selfs die kleinste diertjie en alle skepsels in sy lofsang. Hy kon met die hele skepping kommunikeer, hy preek selfs tot die blomme “en nooi hulle uit om God te loof, asof hulle oor ‘n verstand beskik het”.

Sy reaksie op die wêreld rondom hom was veel meer as ‘n intellektuele waardering of ekonomiese berekening, want vir hom was elke wese ‘n suster waarmee hy in teerheid verbind was. Daarom voel hy geroepe om vir alles wat bestaan te sorg.

LAAT ONS BID

Skepper, God, ons het die natuurlike siklus versteur en die Aarde se brose balans beskadig. Vergewe ons die feit dat ons nie sorgsaam genoeg was nie. St Francis was ‘n blye bewaker van die skepping en hy het in vrede met God en die natuur gelewe. Gee dat ons, besiel deur sy getuigenis, ons almal se tuiste sal bewaar. Amen. *Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.*



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 4

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN WATER

“Wees geloof,
my ewige God,
vir Suster Water,
so nuttig en nederig,
kosbaar en rein.”

LAUDATO SI' # 28 & 30

“Toegang tot veilige drinkwater is 'n basiese en en universele mensereg, omdat ons menslike oorlewing daarvan afhang en dit dus 'n voorwaarde is om alle ander menseregte uit te oefen.”

“Vir 'n lang tyd was watervoorsiening redelik konstant maar op baie plekke oorskry die aanvraag nou die beskikbare aanbod, met ernstige kort- en langtermyn gevolge. Groot stede wat steun op aansienlike hoeveelhede water het nou al tydperke van watergebrek ervaar en op kritieke momente het die bestuur van die waterbronne nie altyd met die gepaste toesig en onpartydigheid geskied nie. Gebrek aan kraanwater kom veral in Afrika voor waar groot dele van die bevolking geen toegang tot veilige drinkwater het nie, terwyl periodes van groot droogte ook voedselproduksie belemmer. In sommige lande is daar gebiede met genoeg water, terwyl ander areas onder groot skaarste ly.”

LAAT ONS BID

Skepper, God, vanuit u gawe van water vloei alle lewe voort, tog besoedel ons u helder fonteine. Vergewe ons soos die aarde in nood uitroep. St. Franciskus het diep gedrink uit Christus se lewende water. Laat ons, soos hy, eenvoudig lewe en die goeie dinge van die aarde na waarde skat. Amen. *Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.*



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 5

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN VUUR

"Wees geloof,
my ewige God,
vir Broeder Vuur,
deur wie U vir ons
die nag verhelder,
hy is mooi en vrolik
en kragtig en sterk."

LAUDATO SI' # 87

Die ganse heelal, in al sy veelvoudige verhoudinge, toon ons die onuitputlike rykdomme van God. Totdat ons harte nie vol teerheid, medelye en sorg vir ons medemens is nie, sal daar ook nie by ons 'n diep verbondenheid met die res van die natuur voorkom nie. Alles hang saam en ons as mense is as broers en susters verenig op 'n wonderbaarlike pelgrimsreis, deur God se liefde vir elkeen van sy skepsels saam geweef en ook verbind in ons tere gevoelens vir broeder son, suster maan, broeder rivier en moeder aarde.

LAAT ONS BID

Skepper, God, u vlamme brand, maar laat ons ongeskonde. Die brande wat ons veroorsaak, versprei egter teen 'n vernietigende spoed en verwoes die bosse en woude van ons wêreld. Vergewe ons vir ons aandeel aan dié verskriklike verwoesting van u natuurlike skoonheid. Laat ons besorgdheid vir ons omgewing saamgaan met 'n opregte liefde vir ons broers en susters en ons sterk in ons verbintenis om die probleme wat besig is om die aarde te verwoes aan te spreek. Amen.

Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.

NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 6

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN DIE AARDE

"Wees geloof, my ewige God,
vir ons Suster en Moeder, die Aarde,
wat ons voed en onderhou,
en vrugte voortbring en plante
en veelkleurige blomme."

LAUDATO SI' # 11 & 92

"As ons die natuur en ons omgewing sonder dié openhartige houding van verbasing en verwondering benader, sal ons nie langer die taal van broederskap en van skoonheid gebruik in ons verhouding met die wêreld nie, en dan gaan ons optree as oorheersers, verbruikers of pure uitbuiters van die aarde se middele, en nie in staat wees om grense te stel aan ons onmiddellike behoeftes nie."

"Alles is met mekaar verbind en ons mense is saam as broeders en susters op pelgrimstog, met mekaar verweef deur God se liefde vir elkeen van sy skepsels en met tere gevoelens ook verenig met broeder son, suster maan, broeder riviere n moeder aarde."

LAAT ONS BID

Skepper, God, ons rou saam met hulle wie se lande deur gierigheid beskadig is. Vergewe ons daar waar ons meer van die aarde vat as wat ons regtig nodig het. Help ons om al hoe meer sensitief te word vir dit wat in ons wêreld aan die gebeur is, veral daar waar menslike aksie in diens van sake belange en ons verbruikerskultuur ons wêreld minder ryk en mooi maak. Laat ons by St. Franciskus leer, hy wat so 'n blye bewaker van die skepping wees, om met minder oor die weg te kom en om meer te gee. Amen. *Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.*

NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 8

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN VREDE

"Gelukkig is hulle wat in vrede lewe,
U, die Allerhoogste, sal hulle kroon."

LAUDATO SI' # 86

"God het 'n kosbare boek geskryf, 'waarvan die letters, die magdom geskape dinge is, wat in die heelal bestaan'. Om bewus te wees van elke skepsel wat die lied van sy bestaan sing, is om met vreugde in God se liefde en hoop te leef. Hierdie kontemplasie van die skepping laat ons toe om in elke ding iets te ontdek van dit wat God vir ons wil leer, want vir die gelowige is dit deur ons aanskouing van die skepping dat ons 'n boodskap ontvang, om op paradoksale wyse in stilte na 'n stem te luister. Benewens die openbaring wat in die Heilige Skrif vervat word, is daar nog 'n goddelike openbaring te vinde in die glans van die son en die donkerte van die nag."

LAAT ONS BID

Skepper, God, ons dank U vir hulle wat vir die vrede en waardigheid van al u kinders werk. Wanneer ons u weerkaatsing raaksien in alles wat bestaan, roer U ons harte om U te loof. Help ons in staat wees om ander ook uit te nooi om aandag te skenk aan die skoonheid wat in die wêreld te vinde is. "Skenk ons u liefdeskrag, sodat ons die lewe en die skoonheid sal bewaar. Vervul ons met vrede, sodat ons as broers en susters sal kan saamleef en niemand enige kwaad aandoen nie. Bring genesing in ons lewens, sodat ons die wêreld sal bewaar en dit nie sal uitbuit nie, sodat ons skoonheid sal saai, en nie besoedeling en vernietiging nie". Amen. (Pous Franciskus) *Bid nou Die Gebed van St. Franciskus van Assisi op die voorblad.*



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 7

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN VERGIFNIS

“Wees geloof, my ewige God,
deur hulle wat uit liefde vir U
mekaar vergewe;
deur hulle wat siekte
en beproewing verduur.”

LAUDATO SI' # 8

“Dit is noodsaaklik dat ons berou het oor hoe ons self ook ekologiese skade veroorsaak het en ons is almal geroepe om ons eie bydrae, klein of groot, tot die vernieling en vernietiging van die skepping te erken. Daar is mense wat die integriteit van die aarde vernietig deur klimaatsveranderinge te veroorsaak omdat hulle die natuurlike bosse uitkap of die moeraslande vernietig; mense wat hul naaste skade aandoen deur siektes te veroorsaak as gevolg van besoedelde waterbronne en grond en giftige stowwe in die lug. Dit is alles sonde. Want om 'n misdaad teen die natuur te pleeg is 'n misdaad teen onself en 'n sonde teen God”.

LAAT ONS BID

Skepper, God, plant diep in ons harte die vurige begeerte om ons almal se tuiste te beskerm. En laat dit saamgaan met ons besorgdheid om die hele menslike familie byeen te bring in 'n soeke na volhoudbare en integrale ontwikkeling, want ons weet dinge kan verander. U sal ons nooit in die steek laat nie; U sal nooit afstand doen van u liefdesplan of berou het dat U ons geskep het nie. Plant diep in ons harte die verlange om saam te werk om ons almal se tuiste op te bou. Open ons harte vir die lyding van die armes, soos Sint Franciskus dit gedoen het, en laat ons uitreik na hulle wat slagoffers van menslike selfsug en gulsigheid is. Amen.

Franciskus van Assisi op die voorblad.

Bid nou Die Gebed van St.



NOVEEN TOT ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

DAG 9

ONS DANK U GOD VIR U GAWE
VAN DIE SKEPPING

"Allerhoogste,
almagtige, ewige goeie God!
Alle lof aan U, alle glorie,
alle eer en alle seën.
Prys en seën my Here,
en dank Hom en dien Hom
in groot nederigheid."

LAUDATO SI' # 8

"Dit is noodsaaklik dat ons berou het oor hoe ons self ook ekologiese skade veroorsaak het en ons is almal geroepe om ons eie bydrae, klein of groot, tot die vernieling en vernietiging van die skepping te erken. Daar is mense wat die integriteit van die aarde vernietig deur klimaatsveranderinge te veroorsaak omdat hulle die natuurlike bosse uitkap of die moeraslande vernietig; mense wat hul naaste skade aandoen deur siektes te veroorsaak as gevolg van besoedelde waterbronne en grond en giftige stowwe in die lug. Dit is alles sonde. Want om 'n misdaad teen die natuur te pleeg is 'n misdaad teen onself en 'n sonde teen God".

LAAT ONS BID

Skepper, God, plant diep in ons harte die vurige begeerte om ons almal se tuiste te beskerm. En laat dit saamgaan met ons besorgdheid om die hele menslike familie byeen te bring in 'n soeke na volhoudbare en integrale ontwikkeling, want ons weet dinge kan verander. U sal ons nooit in die steek laat nie; U sal nooit afstand doen van u liefdesplan of berou het dat U ons geskep het nie. Plant diep in ons harte die verlange om saam te werk om ons almal se tuiste op te bou. Open ons harte vir die lyding van die armes, soos Sint Franciskus dit gedoen het, en laat ons uitreik na hulle wat slagoffers van menslike selfsug en gulsigheid is. Amen.

Franciskus van Assisi op die voorblad.

Bid nou Die Gebed van St.



FEES VAN ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

4 OKTOBER

LITANIE VAN ST. FRANCISKUS VAN ASSISI

Here, ontferm U oor ons.

R/ Here, ontferm U oor ons.

Christus, ontferm U oor ons.

R/ Christus, ontferm U oor ons.

Here, ontferm U oor ons.

R/ Here, ontferm U oor ons.

God, Hemelse Vader, ontferm U oor ons.

God, die Seun, Verlosser van die wêreld, ontferm U oor ons.

God, die Heilige Gees, ontferm U oor ons.

Heilige Drie-eenheid, één God, ontferm U oor ons.

Heilige Maagd Maria, Beskermer en Advokaat
van die Franciskaanse Familie;

R/ Bid vir ons.

Heilige Moeder Clara;

R/

Heilige Vader Franciskus;

R/

St. Franciskus, Serafynse Vader;

R/

St. Franciskus, Patriarg van die Armes;

R/

St. Franciskus, Stigter en Leier van drie Franciskaanse Ordes;

R/

St. Franciskus, prediker van boetedoening;

R/

St. Franciskus, spiel van die Evangelie;

R/

St. Franciskus, arm mannetjie van Assisi;

R/

St. Franciskus, heraut van die groot koning;

R/

St. Franciskus, bode van vrede;

R/

St. Franciskus, edelmoedige ridder van Christus;

R/

St. Franciskus, magtige liefhebber van siele;

R/

St. Franciskus, martelaar van begeerte;

R/

St. Franciskus, eggenoot van Dame Armoede;

R/

St. Franciskus, model van ware kuisheid;

R/

St. Franciskus, meester van heilige gehoorsaamheid;

R/

St. Franciskus, opreg in liggaamlike afsterwing;

R/

St. Franciskus, hemelwaarts verhef in kontemplasie;

R/

St. Franciskus, gemerk met die Stigmata van Jesus;

R/

St. Franciskus, ontvlam met serafynse liefde;

R/



St. Franciskus, liefhebber van die Baba van Bethlehem;

R/

St. Franciskus, liefhebber van die Gewyde Passie;

R/

St. Franciskus, liefhebber van die Heilige Sakrament;

R/

St. Franciskus, liefhebber van Jesus se Naam;

R/

St. Franciskus, liefhebber van die Heilige Skrif;

R/

St. Franciskus, liefhebber van al God se skepsels;

R/

St. Franciskus, beskermheilige van ons sorg vir die skepping;

R/

St. Franciskus, diaken van Heilige Moeder Kerk;

R/

St. Franciskus, broer van die melaatses;

R/

St. Franciskus, gesant aan die Sultan;

R/

St. Franciskus, belyer van die Geloof;

R/

St. Franciskus, ons advokaat en gids;

R/

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,
spaar ons, o Here.

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,
verhoor ons, o Here.

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,
ontferm U oor ons.

Laat ons bid:

O God, deur u genade kon St. Franciskus één wees met Christus in sy armoede en nederigheid. Gee dat ons, wat in die voetspore van Franciskus volg, ook u Seun sal navolg, en deur ons blye naastediens, één met U sal word. Deur onse Here Jesus Christus, u Seun, wat met U in die eenheid van die Heilige Gees leef en heers, één God tot in alle ewigheid. Amen.

[Voorgestel deur Cyndy Garwood, O.F.S., aangepas vanuit die volgende bronne: Romeinse Missaal en catholictradition.org deur Diaken Dave & Thérèse Ream, O.F.S., Hersien Julie 2017]

